HOëRSKOOL STRAND

# GREPE UIT `N GOEIE GESKIEDENIS

waar jong arende sweef

## DIE VYFDE SKOOLHOOF
## JUFFROU SANETTE NOWERS: APRIL 2010 – DESEMBER 2011

So byna het me. Nowers nie die onderwys as beroep gekies nie. Nadat sy aan die Hoërskool Tygerberg in Parow haar skoolloopbaan voltooi het, het sy vir die graad B.Sc in Rekenaarwetenskap ingeskryf, maar haar gou besin en besef dat sy nooit met mense gaan werk nie en haar in die onderwysrigting bekwaam.

Nadat sy 'n draai op Kimberley, Vredenburg en Moorreesburg gemaak het, word sy op jeugdige ouderdom hoof van die Hoër Meisieskool Bloemhof op Stellenbosch. Bloemhof sal me. Nowers veral onthou vir haar dinamiese leierskap, innoverende denke en die diep spore wat sy in die harte van jongmense getrap het.

In April 2010 sluit sy by die Arendfamilie aan. Met 'n ondeunde vonkel in die oog vertel sy graag van haar eerste dag by die Hoërskool Strand toe sy op pad na haar kantoor deur 'n leerder met 'n aansoekvorm vir die Hoër Meisieskool Bloemhof voorgekeer is. Die tikkie selfspot in die daaropvolgende woorde: "Ek het nie gedink julle gaan so gou weghardloop nie," verklap die fyn humorsin van hierdie formidabele vrou met haar vernuwende en buite-die-boks denke oor skooladministrasie, skoolbestuur, finansies en dissipline.

By haar eerste kennismaking met die leerders van die Hoërskool Strand rig sy die volgende uitnodiging aan hulle: "As jy 'n probleem het, praat met my, ek sal jou help. Geen probleem is groter as 'n mens nie. As jý 'n probleem is, sal ék met jou praat, maar net een keer!"

Haar fyn aanvoeling vir die jeug het vroeg reeds duidelik geblyk toe sy haar soos volg oor skoolreëls uitgespreek het: "Waardes is belangriker as reëls – iemand met waardes het nie reëls nodig nie."

Die persepsie wat ander van jou het, berus, volgens me. Nowers, op drie dinge:

- hoe jy lyk
- dit wat jy sê
- dit wat jy doen

Om te wys dat hierdie woorde nie blote lippetaal is nie, het sy binne enkele maande na haar aankoms gesorg vir die verfraaiing van die skool deur die verf van die gebou, die herstel van die veelbesproke dak, die lê van nuwe plaveisel en teeroppervlaktes, asook die aanbring van 'n nuwe heining aan die voorkant van die skool met hoekmure waarop die naam van die skool nou trots pryk.

Onder haar dryfkrag is daar begin met die opstel van behoorlike beleids- en werksdokumente om take in die skool te vergemaklik, praktiese ontwikkelingsgeleenthede om onderwysers te bemagtig, asook die privatisering van die boekwinkel. Klasse is stelselmatig met rekenaars, dataprojektors en witborde toegerus.

Na haar kortstondige verblyf in die Arendnes, kry me. Nowers aan die einde van 2011 die geleentheid om as direkteur in die Wes-Kaapse Onderwysdepartement haar inspirerende invloed, passie vir die onderwys en groot deernis vir jongmense oor 'n veel wyer front te laat geld.

'n Hoërskool Strand leerder, Carl Theunissen, rig, as deel van 'n Engels werksopdrag, die volgende afskeidsbrief aan me. Nowers:

*"When I first heard that the dreaded Sanette Nowers was coming to our school in a crusade of discipline and punishment, I feared that my high school experience might be somewhat less jubilant than I had anticipated.*

*Yet you were not the fire-breathing law-enforcer I thought you'd be. Instead we got a principal who genuinely understood what high school is like. You are one of the few principals whose jokes I truly find funny...*

*Thank you, miss Nowers, for showing us that Strand High does not have to be a mediocre school, but that it is capable of becoming one of the greatest institutions in South Africa."*